**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 5 JUNIE 2018 TE IMPALA KLUBHUIS**

PIETERSBURG

PIETERSBURG

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING / STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | Opening en verwelkoming / Opening and welcoming<br>Gerhard de Villiers open met gebed | Lourens |
| **1.2** | Voorlees van Doelstellings<br>Nie voorgehou – beskikbaar op BJV web blad | Lourens |
| **1.3** | Verskonings / Apologies<br>Andre Jonker, Patrick Meyer, Thomas Grobler, Riaan Meiring, Alet, Jacques en Al-Louise Swart, Antoinette Delport, Attie Diedericks Snr, JP venter, Jaap Davies. | Almal |
| **1.4** | Presensielys / Attendance List<br>Sirkuleer. | Almal |
| **1.5** | Mosies / Motions<br>1.5.1 Geen | Almal |
| **1.6** | Korrespondensie / Correspondence<br>1.6.1 SAGA Snippets: John Welch bespreek civilian arrests en use of force. Lede word verosek om hier deur te werk ten einde hulself te vergewis van die wetlike standpunte. | Lourens |
| **1.7** | Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting<br>1.7.1 Voorlees: vorige notule / Reading: previous minutes<br>1.7.2 Regstellings: vorige notule / Corrections: previous minutes<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring / Proposed for approval<br>Hannes Senekal<br>1.7.4 Gesekondeer / Seconded<br>Gerhard de Villiers | Lourens |

| | | |
|---|---|---|
| **1.8** | Vasstelling van die sakelys – nuwe sake vir bespreking<br>1.8.1 Vuurwapen lisensie hernuwings<br>Staande saak waar lede herhaldelik daaraan herinner word om ag te slaan op wanneer hulle vuurwapen lisensies hernu moet word.<br><br>1.8.2 Vuurwapen bevoegdheid hernuwings<br>Ook n staande agenda item, waar lede daaraan herinner word om hulle bevoegdhede vroegtydig te hernu. Die lede word ook daaraan herinner dat die bepalings vir selfbeskerming [5 jaar] anders is as vir sportskiet/toegewyde status [10 jaar]<br><br>1.8.3 Rondomtalie Augustus 2018<br>Ons jaarlikse rondomtalie word in Augustus aangebied. Alle lede asook baan offisier word vriendelik versoek om die geleentheid te ondersteun. Daar is tans groot beplanning aan die gang en die dag beloof om baie spesiaal te wees. Daar sal metterwyl n adverstensie videogreep pgestel word en op ons Facebook blad geplaas word.<br>Ons kyk na worsbroodjie/koeldrank verkope: die lede wat hul weg oopsien om ons met borge te help kom praat asb met my na die vergadering.<br>Tania Meiring het aangebied om die punte te hanteer tydens die dag – baie dankie. Ons benodig iemand om ons met die inskrywings/registrasie tafel uit te help. Ek wil nie graag baan offisiere gebruik nie aangesien ek hulle op die bane gaan nodig he. Indien daar lede is wat voel dat hulle ons wil ondersteun met pryse vir junior skuts, laat weet my asb. | |

| | | |
|---|---|---|
| **1.9** | Sake voortspruitend / Matters arising<br>1.9.1 Skietbaan<br>Daar word redelike groot skiet kompetisies in Junie en Julie op die baan aangebied. Beide die Nasionale kompetisies word mid-maand angebied, en lede word vriendelik versoek om verdraagsaam te wees aangesien beide kompetisies ver oor 100 deelnemers gaan he. Van die bane sal ook nie vir normale gebruik beskikbaar wees nie.<br><br>1.9.2 Skietdae Mei 2018 tot April 2019<br>Die dokument was gesirkuleer vir insae, aan die lede wat die vorige maandvergadering bygewoon het. Baie dankie aan die wat wel terugvoer gegee het. Die voorgestelde skietdae sal dus aanvaar word soos gelys op hierdie dokument. Sodra dit aangepas is, sal Debbie versoek word om dit te sirkuleer.<br><br>1.9.3 Nuwe lede – Goedkeurings<br>L Zanna [Snr], Calitz [Snr], W Mouton [Jnr], Mphahlele [Snr] – baie welkom aan hulle. | Lourens |
| **1.10** | Opleidingsverslag / Training report<br>1.10.1 Chasa kursus<br>Tans onder bespreking.<br><br>1.10.2 Junior Opleiding<br>Daar was n moontlikheid van n Pietersburg junior opleidings sessie. Met die skrywe van Kremetart waar daar skielik 4 tot 5 plekke oopgegaan het, was ons voorstel om die 4 belangstellendes by ons aan te raai om die Kremetart span te ondersteun. Ons tak sal later in die jaar een aanbied.<br><br>1.10.3 Baan beampte opleiding: 20 – 21 Julie 2018<br>Hierdie sessie sal op Vrydag 20 Julie 2018 [18h00] in die Klubhuis aangebied word vir belangstellendes. Gee asb julle name op by Debbie. Hierdie persone sal dan ook hulle eerste optrede, onder toesig van die ander baan offisiere doen op die 21ste Julie. | <br>Stan |
| **1.11** | Toegewydejagters / Dedicated hunters<br>1.11.1 Algemeen<br>Betrokke lede word versoek om hul rekords op datum te hou.<br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Geen. | Lourens |
| **1.12** | Finansiële verslag / Financial report<br>Nie voorgehou. | Tesourier / Treasurer |

| | | |
|---|---|---|
| **1.13** | Sosiaal<br>1.13.1 Algemeen<br>Vul asb die sirkulerende lys in en eet saam met ons na afloop van die vergadering. Die tak dra R35/lid by tot jou ete. | Sosiaal |
| **1.14** | Skietdae<br>1.14.1 Skietdag 19 Mei 2018.<br>Heerlike weer en die helpers het vroegdag al dinge raakgevat met die opstel van die bane. Baan offisiere het hulself uitstekend van hul taak gekwyt – baie dankie. Daar was ooglopend meer juniortjies wat kom skiet het, baie van hulle reeds lede, maar tog n aantal wat belangstelling getoon het om by ons aan te sluit. Die .22 afdeling was n wenner en talle van die kinders het hier vasgehaak. In totaal het 42 skuts aan die dag deelgeneem.<br><br>1.14.2 BJV skietdag 16 Junie 2018<br>Op die 16de Junie sal die volgende skietaktiwiteite aangebied word. .22LR silhouette, die standaard 50m raam [10 skote]. Gekombineerde baan: senterslag ghonge, distansies 150–200m [5 skote]. Haelgeweer [kleie 15 tot 25m/5 skote] en handwapen [papier bord, 7 – 10m/5 skote]. Ons kan nie die langbaan [300m] gebruik nie want dit is waar SADPA hulle Nasional Kampioenskappe aanbied. Handwapen TYRO oefening [9.1m / 24 skote].<br><br>1.14.3 Nagskiet 21 Julie 2018<br>Hierdie gaan n veeleisende dag wees. Dis nie die tradisionele dagskiet nie. Ons gaan teen 12 uur eers begin om die bane op te stel. Die .22LR en haelgeweer afdelings gaan geskiet word vanaf 14:00 to 17:15. Waarna almal gaan saam kuier en eet [sonder om alkohol te neem, indien jy alkohol gedrink het sal jy nie toegelaat wod om aan die nagskiet deel te neem nie]. Vanaf 19:00 sal die nagskiet gedoen word. Daar sal n taktiese baan wees waar die skut toegelaat sal word om of n handwapen of n semiauto senterslag geweer te gebruik. Indien die tyd dit toelaat en wanneer almal die geleentheid gehad het om ten minste een keer te skiet, sal die skuts toegelaat word om weer te skiet. | Lourens |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING / NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | Endossemente<br>Maart tot 5 Junie 2018: 65 endossemente uitgereik met 23 toegewyde jagters briewe.<br><br>Sportskiet/"occassional sportshooting" – lede verantwoordelikheid.<br>Hierdie is n baie belangrike aspek. Baie van ons lede wat tans aansoek doen [of tevore gedoen het] vir endossemente doen dit onder die vaandel van sportskiet/"occasional sport shooting". Indien dit die geval is plaas dit die verantwoordelikheid op die skut om te verseker dat hy/sy sulke aktiwiteite wat ons aanbied by te woon. Indien die skut na 10 jaar van ons dokumente aanvra vir hernuwing en daar geen bewyse is dat die skut in die afgelope 10 jaar wel hierdie sportskiet/"occassional sportshooting" status eerbiedig het nie, gaan dit baie moeilik wees om van ons kant af die nodige dokumente uit te reik. Hierdie is 'n ernstige versoek om nie die organisasie te misbruik en dan nie jou verpligtinge na te kom nie. | |
| **2.2** | "Skietoefeninge" – moontlikhede vir insluiting in lede rekords.<br>Daar het vele gesprekke op en van die skietbaan af plaasgevind met van ons lede. Oor die algemeen is daar die gevoel dat baie van ons lede 'n beduidende hoeveelheid tyd op die baan deurbring om te oefen of om ladings te toets ens. Dit is en bly vir ons tak uiters belangrik dat ons lede hule wapens gebruik en daarmee vetroud is en bly, as sulks ondersoek ons tans die moontlikheid om sulke aktiwiteite op jou BJV lid profiel gelaai te kry. Die voorwaardes hiervoor is tans onder bespreking en ons sal julle op hoogte hou rakende die besluit. | |
| **2.3** | Amptelike dokumente [aangeheg aan einde van dokument]<br>1. CHASA sport shoot rules<br>2. TYRO<br>3. ACT-book<br>Vele van ons lede daag onvoorbereid by posliga's op, met die verskoning dat hulle nie die reels het nie. Dieselfde ding gebeur gereeld as daar n TYRO skiet aangebied word. Herdie mentalitiet mors ongelooflik tyd en frustreer die ander skuts. Ek het dit dus goedgedink om vir julle gebruik die reels aan hierdie notule te heg. Werk asb daardeur en maak seker dat jy behoorlik voorberei vir posliga's en die TYRO skiet. Ons gaan van tyd tot tyd skietoefeninge aanbied om jou te help om met hierdie aktiwiteite te deel. Ongelukkig kan amptelike posligas nie vir hierdie doeleindes gebruik word nie. | |

## 3. ALGEMEEN / GENERAL

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 3.1 | BJV Pietersburg "social responsibility" – betrokkenheid van baan offisiere by skietdae vir GPF en ander organisasies.<br>Daar gaan meer en meer van organisasies soos ons verwag word om aan te dui waar ons in ons gemeenskappe betrokke is. Die saak van omgewingsbewaring is tans onder bespreking en ons sal aan julle terugvoer gee sodra ons die saak deurtrap het.<br>Wat tans in ons versier is en wat ons met redelike min moeite by betrokke kan raak en ook so ons tak en sy doelstellings kan bemark is die betrokkenheid by skietdae vir organisasies soos die GPF. Ons is genader om van ons vaardighede en baan offisiere beskikbaar te stel vir n GPF skietdag op die 28ste Julie 2018 op die skietbaan. Enige persone, meer spesifiek baan offisiere wat hul pad oopsien om ons met hierdie aksie by te staan kan my per e-pos laat weet. Die baan offisiere sal op hul lede profiel gekrediteer word vir 'n amptelike optrede. | |
| 3.2 | Skietdae: .22LR ammunisie en log boek vir Junior skuts<br>Daar het verskeie komplimente en navrae gekom rakende die rol wat ons .22LR skiet aktiwitiete het op junior deelname en ontwikkeling. Van die bestuurslede het voorgestel dat ons n .22LR skiet aanbied met elke skietdag – julle sal opmerk dat dit die geval is op die voorgelegde "Skietdae dokument".<br>Ongelukkig is dit so dat baie van die kinders [lede en andersins] nie .22's van hul eie het nie en tans afhanklik is van die bskikbaarheid van ander lede se .22's. Genadiglik het ons .22 eienaars nie probleme om hul wapens beskikbaar te stel nie. Wat tans n uitdaging is, is die ammunisie – want huidiglik word ons lede [wat verseg om daaroor te kla – baie dankie vir die positiewe gesindheid] se ammunisie sonder moeite uitgeskiet. Die waarde en bydrae van hierdie faset het my laat dink dat ons daadwerklik daarna moet kyk om n voorraad .22LR ammunisie aan te koop en dan 'n logboek te gebruik vir die ammunisie wat deur junior skuts uitgeskiet word tydens skietdae [slegs die wat hiervoor kwalifiseer]. Ons het twee opsies vir die finansiële uitgawes hieraan verbonde, (i) ons [BJV Pietersburg] koop dit aan en laat juniors se ouers daarvoor betaal wanneer hulle skiet, of (ii) ek hoop ons kan n borg kry wat die hartsaak met ons deel sodat ons aan kan hou om die diens gratis te lewer aan ons juniors. Praat asb met my hieroor na die vergadering. | |

| | | |
|---|---|---|
| **3.3** | Jagfoto's / videos asook skietdag foto's/videos vir BJV Pietersburg bemarking.<br>Uit die oog uit die hart is aan almal van ons bekend. Ons tak moet pro-aktief en baie meer aggresief daaraan werk om onself te bemark. Met dit in gedagte versoek ek al ons lede om hu jag fotos en video clips asook die wat hulle tydens skietdae neem met ons te deel. Ons wil hierdie materiaal gebruik vir bemarkings doeleindes, so moet asb nie vir ons goed stuur as jy nie ook bereid is om jou kopiereg met one te deel nie. Ons gaan aanvaar dat as jy jou materiaal met ons deel dat dit carte blanche is. | |
| **3.4** | Skroot staal – bou van rame ens. | |

**4. Volgende vergadering.**
**Next meeting.**

Ledevergadering – 03 Julie 2018 om 18:00 by die klubhuis.

**5. Afsluiting/Closing**

| **AMPTELIKE DOKUMENTE** | |
|---|---|
| CHASA Spor shoot rules | CHASA_Sport_Shoot_Rules_2018.pdf |
| TYRO | NRA TYRO (SAFETY INSTUCTION COURS |
| ACT book | act-book.pdf |
| Click op die logo van die dokument om dit oop te maak. | |